



Province of the  
**EASTERN CAPE**  
EDUCATION

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 11**

**NOVEMBER 2019**

**BESIGHEIDSTUDIES V2**

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**



---

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

---

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek TWEE van die hoofonderwerpe.

AFDELING A: VERPLIGTEND

AFDELING B: Bestaan uit DRIE vrae.

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling.

AFDELING C: Bestaan uit TWEE vrae.

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling.

2. Lees die instruksies vir elke vraag aandagtig deur en neem deeglik kennis van wat vereis word.

Let wel dat SLEGS die eerste TWEE vrae in AFDELING B en die EERSTE vraag in AFDELING C nagesien sal word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is. GEEN punte sal toegeken word vir antwoorde wat verkeerd genommer is NIE.
4. Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne wees.
5. Gebruik die puntetoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van 'n antwoord te bepaal.
6. Gebruik die tabel hieronder as 'n gids vir punte- en tydstoekenning wanneer elke vraag beantwoord word.

| AFDELING                                                                           | VRAAG    | PUNTE      | TYD<br>(minute) |
|------------------------------------------------------------------------------------|----------|------------|-----------------|
| <b>A: Objektiewe tipe vrae<br/>VERPLIGTEND</b>                                     | <b>1</b> | <b>30</b>  | <b>30</b>       |
| <b>B: DRIE direkte/indirekte tipe vrae<br/>KEUSE:<br/>(Beantwoord enige TWEE.)</b> | <b>2</b> | <b>40</b>  | <b>30</b>       |
|                                                                                    | <b>3</b> | <b>40</b>  | <b>30</b>       |
|                                                                                    | <b>4</b> | <b>40</b>  | <b>30</b>       |
| <b>C: TWEE opsteltipe vrae KEUSE:<br/>(Beantwoord enige EEN.)</b>                  | <b>5</b> | <b>40</b>  | <b>30</b>       |
|                                                                                    | <b>6</b> | <b>40</b>  | <b>30</b>       |
| <b>TOTAAL</b>                                                                      |          | <b>150</b> | <b>120</b>      |

7. Begin die antwoord op ELKE vraag op 'n nuwe bladsy, bv. VRAAG 1 – nuwe bladsy, VRAAG 2 – nuwe bladsy.
8. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
9. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A (VERPLIGTEND)****VRAAG 1**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.6 D.

1.1.1 Watter van die volgende is 'n voorbeeld van nieverbale besigheidsinligting?

- A Besprekings
- B Mondelinge
- C Grafieke
- D Telefoniese oproepe

1.1.2 Transnet is 'n voorbeeld van 'n ... maatskappy.

- A private
- B staatsbeheerde
- C publieke
- D nie-winsgewende

1.1.3 Die beplanningsproses wat die plan in werking stel, word 'n ... genoem.

- A besigheidsplan
- B toelaag
- C lening
- D aksieplan

1.1.4 Idees wat oorspronklik en nuttig is om besigheidsuitdagings op te los:

- A Kreatiewe denke
- B Laterale denke
- C Onkonvensionele oplossings
- D Gehalteversekering

1.1.5 'n Agt-stap sisteem vir die bestuur van verandering is deur ... ontwerp.

- A Meredith Belbin
- B John P. Kotter
- C Kurt Lewin
- D Margerison-McCann

(5 x 2) (10)

- 1.2 Voltooi die volgende stellings deur die woord(e) in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

|                                                                                                          |
|----------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| burgers; private; publieke; konflik; tantieme; nie-winsgewende;<br>huur; burgerlike; stres; buitelanders |
|----------------------------------------------------------------------------------------------------------|

- 1.2.1 Die inkomste en bates van 'n filantroop ('humanitarian giver') word vir openbare doeleindes gebruik. Dié soort besigheid staan as 'n ... maatskappy bekend.
- 1.2.2 Die lopende fooi wat aan die eienaar van 'n bate betaal word vir die gebruik van sy naam en handelsmerk staan as ... bekend.
- 1.2.3 Kaya se werklading en tydsdruk kan beheer word deur ...-bestuur.
- 1.2.4 Mense wat in 'n spesifieke land woon of gebore is, word ... genoem.
- 1.2.5 Die ... samelewing sluit NRO's en GBO's in wat tot sosiale en ekonomiese ontwikkeling van gemeenskappe bydra.

(5 x 2) (10)

- 1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.3.6 K.

| KOLOM A |                      | KOLOM B |                                                                                    |
|---------|----------------------|---------|------------------------------------------------------------------------------------|
| 1.3.1   | Uitkontraktering     | A       | gebruik vorige besluite om hulle besluitneming te lei                              |
| 1.3.2   | Eienaarskapitaal     | B       | fokus is op die voltooiing van die taak                                            |
| 1.3.3   | Normering            | C       | ondersoeking van nuwe idees om dinge beter te doen                                 |
| 1.3.4   | Die regte benadering | D       | lisensie om die naam en idee van 'n bestaande besigheid te gebruik                 |
| 1.3.5   | Roetinedenke         | E       | geld wat 'n besigheid skuld en wat oor 'n spesifieke tydperk terugbetaal moet word |
|         |                      | F       | gebruik van arbeidsmakelaar vir werwing van geskikte en gekwalifiseerde werknemers |
|         |                      | G       | om tot 'n ooreenkoms te kom en konsensus te bereik                                 |
|         |                      | H       | sakepraktyk om 'n derde party te huur om dienste te verrig                         |
|         |                      | I       | die behandeling van al sy kliënte en werknemers met respek en waardigheid          |
|         |                      | J       | fondse wat deur die eienaars van 'n besigheid bygedra word                         |

(5 x 2) (10)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B**

Beantwoord ENIGE TWEE vrae in hierdie afdeling.

**LET WEL:** Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet boaan 'n nuwe bladsy begin, byvoorbeeld VRAAG 2 op 'n NUWE bladsy, VRAAG 3 op 'n NUWE bladsy.

**VRAAG 2: BESIGHEIDSGELEENTHEDE**

- 2.1 Noem DRIE aspekte wat oorweeg moet word wanneer 'n besigheid begin word. (3)
- 2.2 Omskryf in breë trekke die faktore wat oorweeg moet word wanneer 'n strooibiljet ontwerp word. (4)
- 2.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**ZOE EIENDOMME (ZE)**

Zoe Eiendomme besit eiendomme regoor die land. Besighede sluit 'n ooreenkoms met ZE en betaal op 'n maandelikse basis vir die gebruik van 'n eiendom vir 'n spesifieke periode.

- 2.3.1 Identifiseer die manier om 'n besigheid te verkry voorgestel in die scenario hierbo. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario aan te haal. (3)
- 2.3.2 Verduidelik die nadele van die manier om 'n besigheid te verkry geïdentifiseer in VRAAG 2.3.1 op besighede. (4)
- 2.4 Onderskei tussen *vennootskap* en *maatskappy met persoonlike aanspreeklikheid*. (8)
- 2.5 Beskryf die betekenis van die volgende beplanningsinstrumente:
- 2.5.1 Tydlyne (2)
- 2.5.2 Projekbeplanning (2)

- 2.6 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**THABO MHLONGO SKRYFBEHOEFTE (TMS)**

Thabo het van sy vorige werk bedank om sy eie besigheidsonderneming bekend as TMS te begin. Die maatskappy bied skryfbehoeftes aan die publiek en besighede. Thabo beskryf homself as ambisieus, hardwerkend en het 'n positiewe uitkyk. Hy volhard en het 'n duidelike fokus op winsgewendheid en volhoubaarheid van die besigheid.

- 2.6.1 Identifiseer VIER eienskappe van 'n entrepreneur uit die scenario hierbo. (4)
- 2.6.2 Noem TWEE sleutel suksesfaktore uit die scenario hierbo. (2)
- 2.7 Beveel faktore aan wat die aanbieder moet oorweeg wanneer hy/sy 'n aanbidding ontwerp. (8)
- [40]**

**VRAAG 3: BESIGHEIDSROLLE**

- 3.1 Noem VIER stappe in probleemoplossing. (4)
- 3.2 Omskryf in breë trekke die regte en verantwoordelikhede van burgers. (4)
- 3.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TUMI MAYENDE BRAAI (TMB)**

Tumi Mayende Braai voel die druk wanneer hulle kos vrot raak omdat hulle nie elektrisiteit het nie. Hulle is gesluit tydens beurtkrag as gevolg van gesondheids- en veiligheidskwessies.

- 3.3.1 Identifiseer TWEE krisis-situasies in die scenario hierbo. (2)
- 3.3.2 Definieer die term *krisis*. (2)
- 3.3.3 Stel maniere voor waarop TMB besigheids-verwante krisisse kan aanspreek/hanteer in die werkplek. (6)
- 3.4 Bespreek die funksies van werksplekforums op besighede. (6)

- 3.5 Identifiseer die stadiums van span-ontwikkeling geïllustreer in die volgende stellings:
- 3.5.1 Spanlede het meningsverskille, maar los hulle vinnig op om hul doelwitte te bereik.
- 3.5.2 Spanlede is gemaklik en leer meer van mekaar.
- 3.5.3 Spanlede werk nie saam nie, aangesien hulle meeding om die posisie van die spanleier. (3 x 2) (6)
- 3.6 Beskryf strategieë besighede kan gebruik om regstellende aksie te hanteer. (4)
- 3.7 Beveel maniere aan waarop besighede 'n rol kan speel in die sosiale en ekonomiese ontwikkeling van gemeenskappe. (6)
- [40]**

#### VRAAG 4: DIVERSE ONDERWERPE

##### BESIGHEIDSGELEENTHEDE

- 4.1 Lys DRIE faktore wat die keuse van finansiering beïnvloed. (3)
- 4.2 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

##### TENGO & CASH PROKUREURS (T&C)

T&C het die volgende aktiwiteite vir hul besigheid gedurende Januarie 2019 uitgevoer. Tengo registreer die besigheid in die eerste week. In die tweede week, reël Cash vir die huur van 'n gebou. Derde week, werf Tengo klerke vir die besigheid.

- 4.2.1 Stel 'n Gantt-grafiek op deur gebruik te maak van die inligting wat in die scenario hierbo gegee word.

Gebruik die tabel hieronder as 'n riglyn om VRAAG 4.2.1 te beantwoord.

| AKTIWITEIT | WEEK |  |  | PERSOON<br>VERANTWOORDELIK |
|------------|------|--|--|----------------------------|
|            |      |  |  |                            |
|            |      |  |  |                            |
|            |      |  |  |                            |

(9)

- 4.3 Beveel stappe aan in die skryf van 'n verslag. (6)



**BESIGHEIDSROLLE**

- 4.4 Lys VIER oorsake van konflik in die werkplek. (4)
- 4.5 Noem die probleemoplossingstegniek voorgestel in ELK van die volgende stellings:
- 4.5.1 Koning Konsultante het die voordele en nadele gelys om hulle besigheidstruktuur te verander.
- 4.5.2 Koning Konsultante het deskundiges versoek om 'n vraelys te voltooi oor hoe om hul besigheid se probleme op te los. (2 x 2) (4)
- 4.6 Verduidelik die voordele van kreatiewe denke in die werkplek. (8)
- 4.7 Stel redes voor hoekom besighede by sosiale programme betrokke moet raak. (6)
- [40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

**AFDELING C**

**Beantwoord EEN vraag in hierdie afdeling.**

**LET WEL:** Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet boaan 'n nuwe bladsy begin, byvoorbeeld VRAAG 5 op 'n NUWE bladsy of VRAAG 6 op 'n NUWE bladsy.

**VRAAG 5: BESIGHEIDSGELEENTHEDE (ONDERNEMINGSVORME)****JUNIOR JOHNSON ENTERPRISE (JJE)**

Junior en Johnson is vennote en hulle wil hul rykdom en kapitaal verhoog deur in 'n besigheid te belê waar daar 'n klousule met beperkte aanspreeklikheid is. Hulle wil van 'n vennootskap na 'n publieke maatskappy verander maar hulle verstaan nie die registrasieprosedures nie, insluitende die Memorandum van Inkorporering.

As 'n besigheidsanalisis word jy versoek om JJE oor die volgende te adviseer:

- Omskryf in breë trekke die aspekte wat in hulle prospektus ingesluit moet word
- Verduidelik die wetlike vereistes van die naam van die maatskappy
- Bespreek die voordele van die stigting van 'n maatskappy teenoor ander ondernemingsvorme
- Gee raad aan JJE oor die inhoud wat in die Memorandum van Inkorporering ingesluit moet wees

**[40]****VRAAG 6: BESIGHEIDSROLLE (PROFESSIONALISME EN ETIEK)**

Die Suid-Afrikaanse Grondwet verskaf 'n etiese basis vir billike behandeling en goeie korporatiewe bestuur. Geloofwaardigheid is die mees belangrikste aspek van die besigheid om te verseker dat die wette nagevolg word om die etiese waardes van individue en besighede te ondersteun. Elke professie het sy eie gedragskode.

As 'n kenner in besigheids-etiek en professionalism, skryf 'n opstel oor die volgende:

- Onderskei tussen *professionalisme* en *etiek*
- Verduidelik die beginsels van professionalism
- Bespreek die voordele van etiese besigheidsgeleenthede
- Beveel maniere aan waarop professionele, verantwoordelike, etiese en effektiewe besigheidspraktyke uitgevoer moet word.

**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**  
**GROOTTOTAAL: 150**

















Province of the  
**EASTERN CAPE**  
EDUCATION

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 11**

**NOVEMBER 2019**

**BESIGHEIDSTUDIES V2  
NASIENRIGLYN**

**PUNTE: 150**

---

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 26 bladsye.

---

## NOTAS AAN NASIENERS

### INLEIDING

Die notas aan nasieners word voorsien vir gehalteversekeringsdoeleindes om die volgende te verseker:

- (a) Regverdigheid, konsekwentheid en betroubaarheid in die standaard van nasien
- (b) Fasiliteer die moderering van kandidate se skrifte op verskillende vlakke
- (c) Vereenvoudig die nasienproses met inagneming van die breë spektrum nasieners oor die hele Provinsie
- (d) Implementeer toepaslike maatreëls in die onderrig, leer en assessering van die vak by skole/onderwysinstellings

1. Kandidate se antwoorde vir AFDELING B en C moet in volsinne wees. Dit sal egter van die aard van die vraag afhang.
2. Omvattende nasienriglyne word voorsien, maar dit is geensins volledig nie. Behoorlike oorweging moet gegee word aan 'n antwoord wat korrek is, maar:
  - 'n Ander uitdrukking gebruik as wat in die nasienriglyn gegee word
  - Uit 'n ander bron kom
  - Oorspronklik is
  - 'n Ander benadering gebruik

**LET WEL:** Daar is slegs **EEN** korrekte antwoord in AFDELING A.

3. Neem kennis van ander verwante antwoorde wat deur kandidate verskaf word en ken punte dienooreenkomstig toe. (In die geval waar die antwoord onduidelik is of 'n mate van begrip aandui, moet deelpunte toegeken word, byvoorbeeld een punt in plaas van die maksimum van twee punte.)
4. Die woord 'Submaks.' word gebruik om die toekenning van punte binne 'n vraag of subvraag te vergemaklik.
5. Die doel daarvan om punte aan die regterkant te omkring (gelei deur 'maks.' in die uiteensetting van die punte) is om konsekwentheid en akkuraatheid te verseker met die nasien van die skrifte en modereringsproses.
6. Subtotale van vrae moet in die regterkantlyn geskryf word. Omkring die subtotale, soos aangedui by die toekenning van punte. Dit moet deur 'maks.' in die nasienriglyne van punte gelei word. Slegs die totaal vir elke antwoord moet in die linkerkantlyn langs die toepaslike vraagnommer verskyn.
7. In 'n indirekte vraag moet die teorie en die antwoorde relevant en met die vraag verband hou.

8. Korrekte nommering van antwoorde op vrae word sterk aanbeveel in AFDELING A en B. Indien die nommering verkeerd is, volg die volgorde van die kandidaat se antwoorde. Kandidate sal gepeenaliseer word, indien laasgenoemde nie duidelik is nie.
9. Geen addisionele krediet moet vir die herhaling van feite gegee word nie. Dui aan met 'H' of 'R'.
10. Die verskil tussen 'evalueer' en 'kritiese evaluering' kan soos volg verduidelik word:
  - 10.1 Wanneer 'evalueer' gevra word, word daar van kandidate verwag om te antwoord op óf 'n positiewe/negatiewe manier óf om 'n neutrale (positiewe en negatiewe) standpunt in te neem, bv. **Positief:** *'COIDA verminder tyd en koste wat spandeer word √ op lang siviele hofgedinge.'* √
  - 10.2 Wanneer 'kritiese evaluering' gevra word, word daar van kandidate verwag om te antwoord op óf 'n positiewe/negatiewe manier óf om 'n neutrale (positiewe en negatiewe) standpunt in te neem. In hierdie geval word van kandidate ook verder verwag om hulle antwoorde te ondersteun met dieper insig, bv. *'COIDA verminder tyd en koste wat spandeer word √ op lang siviele hofgedinge, √ want die werkgewer sal nie verantwoordelik wees om vergoeding aan die werknemer te betaal as beserings opgedoen is tydens werksure nie, solank as wat die besigheid kan bewys dat hy nie agterlosig was nie.'* √

**LET WEL:** 1. Bogenoemde kan ook van toepassing wees op 'analiseer'.  
2. Let op die plasing van die merkie (√) in die toekenning van punte.

11. Die toekenning van punte moet gelei word deur die aard van die vraag, kognitiewe werkwoord wat gebruik is, puntetoekenning in die nasienriglyne en die konteks van elke vraag.

Kognitiewe werkwoorde, soos:

- 11.1 Adviseer, noem, beskryf kortliks, motiveer, aanbeveel, stel voor, (lys nie volledig nie) vereis gewoonlik nie veel diepte in kandidate se antwoorde nie. Die uiteensetting van punte vir elke stelling/antwoord sal dus aan die einde daarvan verskyn.
  - 11.2 Definieer, beskryf, verduidelik, bespreek, brei uit, onderskei/toon verskille, differensieer, vergelyk, tabuleer, regverdig, analiseer, evalueer, evalueer krities (lys nie volledig nie) vereis meer diepgaande begrip, toepassing en beredenering. Die punte moet dus meer objektief toegeken word om te verseker dat assessering volgens die vasgestelde norme geskied, sodat eenvormigheid, konsekwentheid en regverdigheid behaal kan word.
12. Merk slegs die EERSTE antwoord waar kandidate meer as een antwoord in AFDELING B en C gee waar slegs een antwoord gevra word.

### 13. AFDELING B

- 13.1 Indien, byvoorbeeld, VYF feite vereis word, sien die kandidaat se EERSTE VYF antwoorde na en ignoreer die res van die antwoorde. Dui dit aan deur 'n lyn deur die nienagesiende gedeelte te trek of gebruik die woord 'Kanselleer'.

**LET WEL:** Dit is slegs van toepassing waar die getal feite gespesifiseer word.

- 13.2 Indien twee feite in een sin geskryf word, gee VOLLE krediet aan die kandidaat. Punt 13.1 geld steeds.

- 13.3 Indien daar van kandidate verwag word om hulle eie voorbeelde/menings te gee, beredeneer dit by die nasiensentrum ten einde die alternatiewe antwoorde te finaliseer.

#### 13.4 Gebruik van kognitiewe werkwoorde en toekenning van punte:

- 13.4.1 Waar die getal feite gespesifiseer word, vrae wat vereis dat kandidate moet 'beskryf/bespreek/verduidelik', kan dit soos volg nagesien word:

- Feit 2 punte (of soos aangedui in die nasienriglyne)
- Verduideliking 1 punt

Die 'feit' en 'verduideliking' word apart in die nasienriglyne gegee om die toekenning van punte te vergemaklik.

- 13.4.2 Indien die getal feite nie gespesifiseer word nie, moet punttoekenning gelei word deur die aard van die vraag en die maksimum punte in die nasienriglyne toegeken.

- 13.5 **EEN punt kan toegeken word vir antwoorde wat maklik is om te herroep, wat een woord as antwoord vereis of wat direk aangehaal word uit 'n scenario/gevallestudie. Dit is spesifiek van toepassing op AFDELING B EN C (waar van toepassing).**

### 14. AFDELING C

- 14.1 Die punte-uiteensetting vir die opsteltipe vrae is soos volg:

|                |                         |
|----------------|-------------------------|
| Inleiding      | <b>Maksimum:<br/>32</b> |
| Inhoud         |                         |
| Gevolgtrekking |                         |
| Insig          | <b>8</b>                |
| <b>TOTAAL</b>  | <b>40</b>               |

14.2 Insig bestaan uit die volgende komponente:

|                                          |                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                             |           |
|------------------------------------------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-----------|
| <b>Struktuur/Uitleg</b>                  | Is daar 'n inleiding, inhoud en 'n gevolgtrekking?                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                          | <b>2</b>  |
| <b>Ontleding en vertolking</b>           | <p>Is die kandidaat in staat om die vraag in opskrifte/sub-opskrifte te ontleed/korrekt te interpreteer sodat begrip van wat gevra word, getoon word?</p> <p>Punte toegeken volgens die gids hieronder:</p> <p>Alle opskrifte aangespreek: 1 (Een 'A')</p> <p>Interpretasie (16 tot 32 punte): 1 (Een 'A')</p>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                              | <b>2</b>  |
| <b>Sintese</b>                           | <p>Is daar relevante besluite/feite/antwoorde gemaak wat op die vrae gebaseer is?</p> <p>Punte toegeken volgens die gids hieronder:</p> <p>Punte toegeken volgens die gids hieronder:</p> <p>Geen relevante feite: 0 (Twee '-S')</p> <p>'n Paar relevante feite: 1 (Een '-S')</p> <p>Slegs relevante feite: 2 (Geen '-S')</p> <p>Opsie 1: Waar 'n kandidaat 50% of meer van die vraag met slegs relevante feite beantwoord het, verskyn geen '-S' in die linkerkantlyn. Ken die maksimum van TWEE (2) punte vir sintese toe.</p> <p>Opsie 2: Waar 'n kandidaat minder as 50% van die vraag met slegs OF 'n paar relevante feite beantwoord het, verskyn een '-S' in die linkerkantlyn. Ken 'n maksimum van EEN (1) punt vir sintese toe.</p> <p>Opsie 3: Waar 'n kandidaat minder as 50% van die vraag met geen relevante feite beantwoord het, verskyn twee '-S' in die linkerkantlyn. Ken 'n NULPUNT toe vir sintese.</p> | <b>2</b>  |
| <b>Originality</b>                       | Is daar bewyse van voorbeelde, aktuele inligting, huidige neigings en ontwikkelings?                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                        | <b>2</b>  |
| <b>TOTAAL VIR INSIG:</b>                 |                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                             | <b>8</b>  |
| <b>TOTALE PUNTE VIR FEITE:</b>           |                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                             | <b>32</b> |
| <b>TOTALE PUNTE VIR OPSTEL (8 + 32):</b> |                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                             | <b>40</b> |

**LET WEL:**

- 1. Geen punte sal toegeken word vir inhoud wat herhaal word uit die inleiding en gevolgtrekking nie.**
- 2. Die kandidaat verbeur punte vir uitleg indien die woorde INLEIDING en GEVOLGTREKKING nie voorkom nie.**
- 3. Geen punte sal toegeken word vir uitleg as die opskrifte INLEIDING en GEVOLGTREKKING/SLOT nie deur 'n verduideliking ondersteun word nie.**

- 14.3 Dui insig in die linkerkantse kantlyn aan met 'n simbool, bv. ('S, A, -S and/or O').
- 14.4 Die komponente van insig word aan die einde van die voorgestelde antwoord/ nasienriglyne vir elke vraag aangedui.
- 14.5 Sien alle relevante feite na totdat die SUBMAKS/MAKS punte vir elke onder-afdeling behaal is. Skryf 'SUBMAKS'/'MAKS' nadat maksimum punte behaal is, maar lees verder vir oorspronklikheid "O".
- 14.6 Aan die einde van elke opstel, dui die toekenning van punte vir feite en punte vir insig soos volg aan:  
S – Struktuur, A – Ontleding, S – Sintese, O – Oorspronklikheid soos in die tabel hieronder aangedui.

| INHOUD        | PUNTE      |
|---------------|------------|
| Feite         | 32 (maks.) |
| S             | 2          |
| A             | 2          |
| S             | 2          |
| O             | 2          |
| <b>TOTAAL</b> | <b>40</b>  |

- 14.7 Wanneer punte vir feite toegeken word, neem kennis van die submaksimum wat aangedui word, veral as kandidate nie dieselfde subopskrifte gebruik nie. Onthou opskrifte en subopskrifte word aangemoedig en dra by tot insig (struktuur/logiese vloei/volgorde) en dui duidelikheid van denke aan.  
(Sien PUNTE-UIEENSETTING aan die einde van elke vraag.)
- 14.8 Indien die kandidaat die vraag VERKEERD identifiseer/vertolk, kry hy/sy steeds punte vir uitleg/struktuur.
- 14.9 Indien 'n ander benadering deur kandidate gebruik word, maak seker dat antwoorde geassesseer word in ooreenstemming met die punttoekenning/subopskrifte soos in die nasienriglyne aangedui.
- 14.10 14.10.1 Ken TWEE punte toe vir volledige sinne. Ken EEN punt toe vir frases/sinsdele, onvoltooide sinne en vae antwoorde.
- 14.10.2 Met ingang November 2015, sal die TWEE punte nie noodwendig aan die einde van elke voltooide sin getoon word nie. Punte (✓) sal geskei wees en langs elke feit aangedui word, bv. 'Produkontwikkeling is 'n groeistrategie, waar ondernemings poog om nuwe produkte in bestaande markte bekend te stel.' ✓  
Dit sal deur die aard en konteks van die vraag, sowel as die kognitiewe werkwoord wat gebruik is, gelei word.
- 14.11 Met ingang November 2017, sal die maksimum van TWEE (2) punte vir feite in die nasienriglyne as opskrifte getoon, nie noodwendig vir elke vraag geld nie. Dit sal deur die aard van die vraag bepaal word.

**AFDELING A****VRAAG 1**

- 1.1 1.1.1 C ✓✓  
 1.1.2 B ✓✓  
 1.1.3 D ✓✓  
 1.1.4 A ✓✓  
 1.1.5 B ✓✓

(5 x 2) (10)

- 1.2 1.2.1 nie-winsgewende ✓✓  
 1.2.2 Tantieme ✓✓  
 1.2.3 stres ✓✓  
 1.2.4 burgers ✓✓  
 1.2.5 burgerlike ✓✓

(5 x 2) (10)

- 1.3 1.3.1 H ✓✓  
 1.3.2 J ✓✓  
 1.3.3 G ✓✓  
 1.3.4 I ✓✓  
 1.3.5 A ✓✓

(5 x 2) (10)

**TOTAAL AFDELING A: 30****UITEENSETTING VAN PUNTE**

| VRAAG 1 | PUNTE |
|---------|-------|
| 1.1     | 10    |
| 1.2     | 10    |
| 1.3     | 10    |
| TOTAAL  | 30    |

**AFDELING B**

**Sien SLEGS die eerste TWEE antwoorde na.**

**VRAAG 2: BESIGHEIDSGELEENTHEDE****2.1 Aspekte wat oorweeg moet word wanneer 'n besigheid begin word**

- Kultuur van die organisasie. ✓
- Verseker dat die gedragkode in plek is. ✓
- Voorsiening van deurlopende opleiding. ✓
- Moontlike omgewingsveranderinge ✓
- Mootlike risikofaktore ✓
- Beplanning en minimalisering van die impak van die besigheid op die omgewing. ✓
- Aksieplan om die verbruikers se behoeftes te bevredig. ✓
- Sny van die koste van onnodige vermorsing en uitgawes. ✓
- Die bronne van natuurlike hulpmiddels/verskaffers. ✓
- Die bronne van befondsing wat die besigheid sal gebruik. ✓
- Die ondernemingsvorm wat deur die besigheid gebruik gaan word. ✓
- Die registrering van die besigheid. ✓
- Die ligging/besigheidsperseel wat gebruik gaan word. ✓
- Verbruikersdienste. ✓
- Moontlikheid van besigheidsgroei. ✓
- Moontlikheid van koste besparing. ✓
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met aspekte wat oorweeg moet word wanneer 'n besigheid begin word.

**LET WEL: Sien slegs die eerste DRIE (3) na.**

(3 x 1) (3)

**2.2 Faktore wat met die ontwerp van 'n strooibiljet oorweeg moet word**

- Gebruik 'n titel wat die leser se aandag sal trek. ✓✓
- Gebruik grafika om aandag te trek. ✓✓
- Fokus op die voordele van die produkte en dienste. ✓✓
- Identifiseer punte duidelik. ✓✓
- Hou dit eenvoudige met wit spasies. ✓✓
- Gebruik teksbokse indien spasie beskikbaar is. ✓✓
- Moenie te veel woorde gebruik nie. ✓✓
- Laat iemand deur die inhoud lees. ✓✓
- Gebruik gekleurde paper en swart skrif indien die begroting nie toelaat vir kleur afskrifte nie. ✓✓
- Bied 'n afslag op die produk of diens. ✓✓
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die faktore wat oorweeg moet word wanneer 'n strooibiljet ontwerp word.

**LET WEL: Sien slegs die eerste TWEE (2) na.**

**Maks. (4)**



## 2.3 Scenario

### Manier om besigheid te verkry

2.3.1 Verhuringsooreenkoms/bruikhuur ✓✓ (2)

#### Motivering

Besighede sluit 'n ooreenkoms met ZE en betaal op 'n maandelikse basis vir die gebruik van 'n eiendom vir 'n spesifieke periode. ✓ (1)

**LET WEL: Ken geen punte toe vir die motivering indien die manier om besigheid te verkry verkeerd geïdentifiseer is.**

**Maks. (3)**

### 2.3.2 Nadele van verhuringsooreenkoms/bruikhuur

- Aan die einde van die bruikhuurtermyn word die huurder nie die eienaar van die bate nie, ✓ al is die betaling oor dié sekere periode gemaak. ✓
- Bruikhuurbetaling word as 'n uitgawe beskou ✓ eerder as 'n eienaarskapitaalbetaling aan 'n bate. ✓
- Die besigheid kan nie voordeel trek uit enige vermeerdering in die waarde van die eiendom ✓ deur die betaling van die bruikhuurbetalings vir die eiendom nie. ✓
- Bruikhuuruitgawes verminder die netto inkomste; ✓ dit beteken beperkte opbrengste/verminderde opbrengste vir 'n aandeelhouer/maksimum winste word somtyds nie bereik nie. ✓
- Mag moeilik wees vir 'n besigheid om verdere lenings te bekom ✓ omdat bruikhuur as skuld beskou word. ✓
- Verhuringsooreenkoms is 'n komplekse proses ✓ en vereis deeglike dokumentasie en behoorlike ondersoek van 'n bate wat verhuur word. ✓
- Afhangende van die ooreenkoms bly die huurder verantwoordelik vir die onderhoud ✓ en behoorlike werking van die bate wat verhuur word. ✓
- Geen addisionele belastingvoordele ✓ kan van verhuringsuitgawes bekom word nie. ✓
- Die huurder is gebonde aan 'n kontrak ✓ al het die besigheid nie meer die item nodig nie. ✓
- Enige ander relevante antwoord wat met die nadele van verhuringsooreenkoms/bruikhuur verband hou.

**Maks. (4)**

## 2.4 Verskille tussen vennootskap en maatskappy met persoonlike aanspreeklikheid

| VENNOOTSKAP                                                                                                                           | MAATSKAPPY MET PERSOONLIKE AANSPREEKLIKHEID                                                                                                                                              |
|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| - Geen spesifieke vereistes ✓ vir 'n naam nie. ✓                                                                                      | - Die naam moet eindig met die woord 'Geïnk'. ✓                                                                                                                                          |
| - Dit is gestig deur twee ✓ of meer vennote. ✓                                                                                        | - Geskik deur een ✓ of meer aandeelhouders. ✓                                                                                                                                            |
| - Besit ✓ deur vennote. ✓                                                                                                             | - Besit ✓ deur aandeelhouders. ✓                                                                                                                                                         |
| - Vennote dra ✓ kapitaal/vaardighede/bates by. ✓                                                                                      | - Aandele word uitgereik ✓ aan die stigters/promotors. ✓                                                                                                                                 |
| - Vennote deel winste, ✓ volgens die vennootskapsooreenkoms. ✓                                                                        | - Winste word uitbetaal in dividende ✓ volgens die aantal aandele besit. ✓                                                                                                               |
| - Word deur 'n wettige ooreenkoms tussen vennote gevorm ✓ en gewoonlik 'n vennootskaps-ooreenkoms word geteken. ✓                     | - Memorandum van Inkorporasie (MOI) ✓ moet met die Maatskappy en Intellektuele eiendomskommissie (CIPC) geregistreer word. ✓                                                             |
| - Vennote is gewoonlik betrokke by die bestuur ✓ van die besigheid. ✓                                                                 | - Die besigheid word bestuur deur 'n direksie ✓ wie professionele persone in hul gebiede kan wees. ✓<br>- Ten minste een direkteur. ✓                                                    |
